

YSSKAATS



WAAR: THE GROVE

DATUM: 5 MAART TYD: 13:00 TOT 16:00

KOSTE: R65.00 PP (VIR DIE WAT SKAATS)

AS JY NET WIL SAAM KUIER IS TOEGANG VERNIET. BRING 'N
KOMBERS EN/OF KUSSING OM GEMAKLIK TE SIT.



Kontak Stanwin vir enige navrae:
0795255695



BOOMSLOPING & SNOEI

GRATIS KWOTASIE
VERSEKERING

KONTAK ERNST by 083 656 4992

www.treecarepta.co.za

Taakspan vir Kommunikasie
Nuu op die Webwerf



Bybel Blokraai

Is weer terug op ons webwerf

NG Kerk Rietfontein-Suid



Ons Gee Om



JAARTEMA:
GESTUUR

Maart 2016



Jesus kan mense verander! (‘n Ware verhaal)

Twee ongelowiges beland langs mekaar op die trein. Hulle het na hulself verwys as “agnostici” (dit beteken hulle glo nie dat God regtig bestaan nie). Hulle glo net in sigbare dinge.

Albei van hulle het dit geniet om met Christene en alles wat hul glo te spot. Een van die persone was ‘n skrywer en is deur sy nuwe reis-vriend, met die naam Ingersoll ooreed om ‘n boek oor Jesus te skryf waarin hy die hele verhaal van Jesus as ‘n bedrogspul voorstel.

Die skrywer het die uitdaging aanvaar om ‘n boek te skryf waarin Jesus as leuen uitgewys sou word. Hy het begin navorsing doen. Die hele Bybel het hy deeglik deurgelees. Hy het agtergrondstudies gedoen oor wat in die Bybel staan. Ook het hy die Heilige Land besoek en oral waar Jesus sou beweeg en opgetree het, vertoef. Intussen is Ingersoll wat hom aangemoedig het om te skryf oorlede.

Na al sy navorsing het hy tot ‘n ander slotsom gekom as wat hy en Ingersoll verwag het. Nou was hy van harte oortuig dat Jesus werklik die Seun van God was.

Hy het toe ‘n boek geskryf, maar nie om te probeer bewys dat Jesus se verhaal ‘n leuen is nie. Hy het geskryf om te verkondig dat Jesus die enigste Verlosser is en om in Hom te glo die enigste waarheid is.

Ons Visie: *Deur Christus-liefde gee ons vir almal om*

Die skrywer se naam is Lew Wallace. Sy aangrypende boek het die titel *Ben-Hur: A Tale of the Christ*. Op hierdie boek is die Oscarbekroonde flik Ben-Hur gegrond.

Die Jesus van die Bybel en Lew Wallace spesialiseer daarin om lewens te verander. Het jy Hom al leer ken as die Here en Verlosser wat jou lewe verander? Baie rondom ons dors en soek na ware en nuwe lewe. Ons het die voorreg om ander aan Hom voor te stel deur ons hele lewe, met woord en daad, Hom sigbaar en hoorbaar te maak.

Jesus *is* die Weg, die Waarheid en die Lewe! Mag vele Hom ook hierdie jaar leer ken as Here wat lewens verander.


ds Leon van Heerden

---- DATUMS VAN BELANG ----

- ◆ **13 Maart:** Omgeesondag & Doop
- ◆ **18 Maart:** Skole Sluit
- ◆ **25 Maart:** Goeie Vrydag & Nagmaaldiens om 9:00
- ◆ **27 Maart:** Opstandingsdiens
- ◆ **28 Maart:** Gesinsdag

Sien jou daar!

KITAAR, DWARSFLUIT EN SAKSEFOON KLASSE

 KITAAR: leer speel en sing heerlijk saam, Kinders (vanaf ± 7jr, moet kan lees) en Volwassenes. Klasse in die Moot. BILLIKE tariewe. Kom maak jou musiek-droom waar! Bied ook Saksefoon en Dwarsfluit aan, 18jr in orkes gespeel.

Kontak Kobus Nel 082 961 9425.

Werksklas groep




Besig met Bybelstudie

Naaldwerkklas Donderdae

14:30-16:15

Almal welkom. Kom leer naaldwerk doen of as jy self vaardig is kom help dan die ander om te leer.

Kontak Afke 012 330 1400



RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.

Kontak nommer is 0721113100

DIENSGETUIENIS-BEDIENING

Tabitha Werksklas Afsluiting 2015

Die Tabitha werksklas het op 5 November 2015 hulle afsluitingsfunksie gehad.

Die meeste van die vroue wat deur die jaar betrokke was, het die afsluiting bygewoon. Elkeen het van die items wat hulle deur die jaar gemaak het, saamgebring om uit te stal. Die items wat deur die jaar gemaak is, was onder andere rokke, rompe en bloese, tafeldoeke, oorgetrekte komberse, kussingslope, duvet-oortreksels en ander huishoudelike items.

Die dames wat, onder die bekwame leiding van Afke Hepkema, help met die werksklas, het die verversings voorsien. Elkeen het geskenkies aan mekaar uitgedeel. Al die vroue het groot dank en waardering uitgespreek vir die hulp en bystand wat hulle deur die jaar ontvang het. Almal was dit eens dat hulle baie geleer het.

Die funksie, is soos elke werksklas, afgesluit met Bybelstudie en samesang. Elke lid kry die geleentheid om te vertel hoe dit gaan en lief en leed te deel. Waar nodig word bemoedig en gebid of saam gejuig.

In 2016 gaan die Tabitha werksklas weer voort met die goeie werk.



Uitstalling en verversings

OMGEE-BEDIENING

Tait-vir-Jesus Omgeegroep

Met die oorskakeling van hierdie Bybelstudiegroep na 'n Omgeegroep, is die naam "Tait-vir-Jesus" deur Johanna Gibson, een van die groeplede, voorgestel.

Die groep het 'n hegte band, en behalwe die weeklikse samekoms op Dinsdae (10:00 tot so net na 11:00), is daar deurgaans verdere informele kontak tussen die groepslede.

By Dinsdae se samekomste word daar gesing, gebid, lief en leed gedeel, en die saampraatpapier word bespreek.

By hierdie groep is daar altyd plek vir meer (dames en mans!). Diegene wat dit oorweeg om in te skakel, is welkom om op 'n Dinsdag te kom kuier en kyk of hy/sy deel van die groep wil word.

Navrae kan aan Ds Leon Tait gerig word.




Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief: Tommy Tademeyer Tel: 082 372 9803 of e-pos: rademeyer.tommy4@gmail.com

How God's Grace Saves

The Bible says that God's grace saves us and we cannot earn our salvation. How does God's grace work? It was by His grace, love and mercy that He made a way for us to be saved. God doesn't save us when we just sit still doing nothing. God commanded that we do some things to reach out and touch His grace. We must obey all of God's commands to be pleasing to Him (Galatians 1:8-9, Revelation 22:18-19, John 14:15). Read the Bible verses and fill in the blanks with the actions God has commanded for us to do to receive salvation.

Saved by the Grace of God Ephesians 2:8



"If you love me, keep my commandments." John 14:15
Do not add to or take away from God's word. Rev. 22:18-19


GEMEENTE WEGBREEK (15 – 17 April 2016)

SIONBERGH OORD, Heidelberg distrik (116 km vanaf kerk). Moenie uitmis nie – bespreek nou!! Kamers of kampeer. Besprekingsvorm by MI toonbank of op kerk se webblad. Besprekings sluit 18 Maart 2016. Tariewe op besprekingsvorm. 4 x etes ingesluit. Eie vervoer, beddegoed en eetgerei. Almal is welkom – jonk en minder jonk. Kom ontspan lekker!!

Navrae: Egbert Uys 082 802 9967 of egbert.uys@necsa.co.za



Hands For Prayer



The surest way to go broke is to sit around and wait for a break.